

Skepping (1-2)	Sondeval (3-5)		Vloed (6-9)		Nasies (10-11)	Gen 12-50
4000 vC Eden			Buite Eden		Babel	2166vC Kanaan
Vier groot gebeure (in 'n siklus van val en herstel)						Vier groot here
1:1 Die begin	3:1 Val en straf	4:1 Nuwe begin	6:1 Val en straf	7:1 Nuwe begin	10:1 Val en straf	12:1 Nuwe begin

Dag	Dag se brood	Meer heuning
Ma	Gen 1:1-27	Gen 1-2
Di	Gen 3:1-19	Gen 3
Wo	Gen 4:1-16	Gen 4-5
Do	Gen 6:5-22	Gen 6
Vry	Gen 8:13-22	Gen 7-8
Sat	Gen 9:1-18	Gen 9
Son	Gen 11:1-9	Gen 10-11

Hierdie eerste elf hoofstukke, vertel van die pre-historiese tyd, dit skets 'n verhaalsiklus van verval en herstel. Dis 'n saagtandprentjie van harmonie en opstand teen God

Die eerste woorde van die Bybel begin by die begin van alle dinge. Vir ses dae lank het God net gepraat en iets goeds het ontstaan. Die mens het hy as Sy beeld geskep – tot Sy eer.

In hoofstuk drie kies die mens om eerder die duiwel se woorde as waarheid te aanvaar en so het sonde in die wêreld gekom – 'n soeke na eie eer in plaas van God se eer.

Die verhaal tel dan weer op met Set as 'n nuwe begin, maar in die middel van die oergeskiedenis verhaal kry ons die sondvloed. Die sondvloed wys duidelik dat God in beheer is van die natuur – Sy skepping. God doen wat hy sê: Hy straf sonde, maar daarteenoor hou Hy Sy beloftes en red ook vir Noag en sy gesin.

Na die sondvloed sien ons weer 'n nuwe begin, maar kort daarna lees ons weer van die val by die toring van Babel.

Die verhaal leer ons God is nie net in beheer van die skepping nie, maar ook van volke, tale en nasies – kyk maar net wat het by die toring van Babel gebeur. Die mense besluit om bymekaar in een stad te woon. God verwar hulle taal en versprei hulle oor die aarde.

Memoriseervers: *Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel (Gen 3:15)*

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Genesis

In Genesis een tot elf,
kan jy gerus maar delf.

Daar was vier oer gebeure:
Skepping, sondeval,
vloed en toringmal.

In die res van die boek
kan jy ook maar soek.

Daar was vier groot here:
Abraham, as volksvader geag.
Isak amper as lam geslag.
Jakob van bedrieg na eer.
Josef leer God in beheer.

Maar as jy die kern soek
van hierdie eerste boek:

Die God wat alles maak,
het betrokke geraak
en 'n verbond gegee,
met beloftes daarmee:

Hy het beloop 'n land
en kinders soos sand.
Vir die nasies tot seën,
deur Christus alleen!

Die Oergeskiedenis

God het alles in ses dae gemaak:
deur Sy stem, die skeppingstaak. (Gen 1,2)
Adam en Eva het van die boom geëet
en straf word vir die mensdom afgemeet. (Gen 3).
Buite die paradys word nuut begin
'n geslagsregister lei die tydperk in. (Gen 4,5).
Die mens se verval was nie goed,
daarom straf God met 'n vloed. (Gen 6).
Daar is weer nuut begin
deur Noag en sy gesin. (Gen 8-10).
Hul dink die toring kan die hemel haal,
maar God straf hul en verwar hul taal. (Gen 11:1-9).
Met Abraham het God weer nuut begin,
dit lei die oorsprong van die volk Israel in. (Gen 12 en verder).

God het jou ook gemaak
met 'n spesefieke taak.
Jou verval is glad nie goed:
Jy gaan nog daarvoor boet...
Deur Christus se kruis is jy vergeef.
Deur hierdie begin kan jy nou leef!